Project name: AL3283

Date of interview: 12 October 2009

Location of interview: Centurion, Pretoria

Language/s of interview: Afrikaans

Length of interview: 22 minutes 6 seconds

Name of Interviewer: De Wet Potgieter

Name of interviewee/s: General Tienie Groenewald

Name of translator (if any): De Wet Potgieter

Name of transcriber:

Notes on access and use (if any):

Audio file name/s of interview: AL3283_PTA_GROENEWALDTIENIE_20091012_1

| | |
|---|---|
| De Wet | Dit is Maandag 11 Oktober (12 Oktober) 2009 ek sit hioer by generaal Tienie Groenewald, afgetrede hoof van militêre intelligensie. Is dit korrek? |
| Tienie | Hoofdirekteur van militêre inligting. |
| De Wet | Hoofdirekteur van militêre inligting. Generaal Groenewald was ook een van die eerste parlementariërs wat vir die eerste Vreyheidsfront in die parlement gestaan het tot en met sy uittrede ʼn paar jaar gelede. Tienie, ek wil graag vandag met jou gesels oor die stigting van die Volksfront wat destyds deurc die Mail&Guardian genoem the Night of the Generals. Kan jy miskien net vir ons vertel hoe dit gekom het dat die Volksfront gestig is, wie die generals was wat daar by was en hoekomk dit ʼn militaristiese inslag gehad het. |
| Tienie | Laat ek begin deur te sê, De Wet, dat die inisiatief vir die stigting van die Volksfront eintlik uitgegaan het van die Boere Vryheidsbeweging en die beweging het bestaan uit prominente mense soos prof. Alkmaar Swart, dr. Wally Grant, die beroemde kernwetenskaplike, dominee, wat nou eintlik nou nog die voorsitter van Radio Pretoria is, ek sal nou terug kom na sy naam.<br>Hulle het besluit dat ons in die lig van die bedreiging, moet ons nou die Afrikanerw bymekaar bring en hulle het toe ʼn komtee |

| | |
|---|---|
| | aangestel. Die komitee van vier.<br>'n Baie sterk inisieerder van die poging was my broer Jan Groenewald. Die komtee van vier onder voorsitterskap van dr. Wally Grant het bestaan uit dr. Willie Lubbe, wat nou die hoof van die APK is, die Afrikaanse Protestantse Kerk, prof Adriaan Pont en prof Resirius van Potchefstroom.<br>Nou, hulle het toe gaan sit en sê hoe doen ons dit? Toe het hulle besluit hulle moet eintlik die komitee uitbrei en kundigheid op al die verskillende terreine kry.<br>En ek is toe ingetrek as 'n kundige op die militêre gebied. Maar ook ekonomie en inlgting en wat daarmee gepaard en veral at ek so nou betrokke was by die regerings-aktiwiteite as gevolg van my kundigheid wat binne die regering aangaan.<br>Ons het toe die komitee gevorm en hom stadig uitgebrei na die komitee van 23 en hierdie het nou alles gebeur vanaf 1992. En toe het die komitee van 23 het uiteindelik besluit ons moet 'n vergadering hou waar ons al die prominente regse organisasies by betrek.<br>En ons reël toe die vergadering dat dit hier in die Raad van Geestelike Wetenskappe hier in Pretorius straat plaasvind. Waar ons die Konserwatiewe Party, die HNP, daar was seker omtrent 54 regse verskillende regse organisasies by betrokke.<br>En by die vergadering het ons gesê dat die toekoms is eintlik daarin geleë dat die Afrikaner moet homself beywer, gesamentlik beywer, vir selfbeskikking, dat ons 'n vorm van selfbeskikking verkry waardeur die Afrikaner oos sy eie toekoms kan besluit.<br>En toe het ons daai opdrag gekry om die komitee verder uit te brei, maar om terug te kom met 'n voorlegging oor hoe dit gedoen moet word. Die gevolg was dat die komitee van 23 het toe die Volkseenheidskomtee geword.<br>Weereens onder voorsitterskap van dr. Wally Grant. Ons het toe gekom en 'n voorstel gemaak oor die stigting van 'n nasionale Afrikaner organisasie en ons het 'n vergadering gehou die volgende Volkseenheidskomitee-vergadering waar ons voorstel maak dat die Afrikaner Volksfront formeel gestig moet word en hy is toe daar gestig.<br>Daar was toe redelik groot debat gewees oor wie moet nou eintlik die leiding neem en hulle het toe gegaan en vir Ferdie Hartzenberg gekies as die voorsitter en met verskeie ander mense daarby betrokke.<br>Maar net die eerste vergadering daaropvolgend, toe het Dries Bruwer voorgestel dat ons 'n beroep moet doen op die generaals om 'n strategiese komitee daar te stel wat die Volksfront kan adviseer oor bereik ons eintlik ons doelwit.<br>By daardie vergadering het die HNP, Jaap Marais was baie ongelukkig want hy het gesê dit was eintlik HNP-inisiatief en hy moet eintlik die leier wees, sy inisiatief en so aan, en die gevolg |

| | |
|---|---|
| | was dat hy hom toe redelik onttrek het.<br>Ons het toe 'n voorlegging daar gestel op voorstel van Dries Bruwer en dara is toe verkies, gen. Viljoen, wat by die vergadering teenwoordig was en drie ander generaals naamlik oud polisiegeneraal, gen. Visser, gen. Bischoff, 'n leër-generaal, wat die hoof van beplanning in die weermag was totdat hy afgetree het en myself.<br>Nou omdat ek toe afgetree was en redelik beskikbaar was, het ek die soort van uitvoerende direkteur geword van die komitee en ons het baie vinnig by gen. Viljoen se plaas bymekaar gekom en 'n strategie opgestel.<br>En die strategie het daarvoor voorsiening gemaak dat ons begin met massa-mobilisasie van die Afrikaner, maar om dit te kan bereik om mense in beweging te bring het jy organisasies nodig en die tyd was so uiters beperk gewees dat ons 'n bestaande organisasie moes gebruik om hierdie mobilisasie te bewerkstellig.<br>En daarvoor het ons besluit om die Konserwatiewe Party se strukture te gebruik maar wat dan nie optree as KP nie maar as Afrikaner Volksfront.<br>Sodra ons dan massa-vergadering gehou het en ons het voldoende steun verwerf dan sou ons orgaan tot onderhandelinge want jy kan nie onderhandel as jy nie 'n magsbasis het nie. En die magsbasis sou nie net bestaan het uit mense nie, maar ook uit militêre strukture uit waarvan die BKA, die Boerekrisis-aksie, die kern sou gevorm het wat eintlik maar die ou kommandostelsel was.<br>Daar is toe ook besluit dat ek hoofsaaklik betrokke sou wees by die beplanning vir die massa-mobilisasie, gen. Viljoen by die veiligheids-aspekte en ek sou ook by die kommuniskasie-aspek, die propoganda-aspekte betrokke wees.<br><br>As ons dan in hierdie onderhandelings gevind het dat ons nie genoeg reaksie kry nie dan sou ons moes oorgaan tot geweld. Nou hierby bedoel ek nie dat ons mense sou moes doodmaak nie of enigiets van die aard nie, maar eers mag demonstreer deur middel van massa-byeenkomste en wat daarmee gepaard gaan en ek dink die boodskap sou vinnig tuis gekom het by beide die nasionale pary en die ANC dat ons nie gaan nie net lê nie.<br>Nou as deel van hierdie mobilisasie was die eerste goot vergadering die vergadering in Potchefstroom van die boere wat 'n baie, baie groot induk op mense gemaak het, en toe het ons gegaan en ons het massa-vergaderings deur deur die hele land gehou.<br>Die vergaderings is hoofsaaklik gehou met die generaals as hoofsprekers, maar ons het ook elke keer 'n politikus bygesit om die hele konsep van eenheid na vore te bring. Nou, De Wet, |

| | |
|---|---|
| | hierdie was 'n fantastiese ondervinding.<br>Die eerste was 'n vergadering in Pretoria-Noord waar ek die hoofspreker was en dr. Wally Grant het ook daar opgetree. Daar het soveel mense opgedaag dat ons eers in die gange langs die saal stoele moes aanry en later luidsprekers buitekant die saal . Daar was duisende mense gewees. Vergaderings van gen. Viljoen byvoorbeeld in die Vrystaat is onbeskryflik die hoeveelheid mense wat opgedaag het. Ek het 'n vergadering in Newcastle ghad waar daar oor die vyf duisend mense was. Ek het 'n vergadering in Richarsdbaai gehad byvoorbeeld, waar meer as die helfte van die toeskouers of die persone wat die vergadering bygewoon het was eintlik Engelssprekend gewees. Ek het ook 'n gedeelte van my toespraak in Engels gemaak .<br>Daar is byvoorbeeld samewerkingskomitees gestig om die hele onderwys te beheer. So het ons deur die hele land vergaderings gehou. Die grootste mobilisasie van Afrikaners in die geskiedenis van die Afrikaner en ons het in 'n stadium baie na aan 'n miljoen lede gehad, persone wat aangesluit het by die Volksfront. Alhoewel dit nie ons hoofdoelwit was nie, maar ons moes lede hê om getalle te kon bewys.<br>En toe het ons die volgende poging in die mobil isasiepoging is om nou te sê, kyk, ons wil nie 'n suiwer Afrikanerding maak nie, ons wil kyk na ander organisasies wat dan ook die konsep van selfbeskikking ondersteun.<br>Toe het ons vergaderings gehou met dr. Buthelezi en met Mangope, met die Ciskei, Oupa Qgozo wat ek goed geken het en ons het toe 'n tweede groepering gestig naamlik Cosag,m die Concerned South Afrcian Group.<br>Hierdie was eintlik 'n baie suksesvolle mobilisasiegroep . Ons grootste probleem was hierdie goed was goed wat in 1994 gedoen was. Tyd het ons uitgeloop, die verkiesing was bestem vir April.<br>Maar onmiddelik het die twee organisasies, naamlik die Afrikaner Volksfront onder leiding van gen. Constand Viljoen en die generaals begin met onderhandelings met die aNC en met die nasionale regering en Cosag het dieselfde gedoen. Ek was lid van beide onderhandelingsspanne en ons het onderhandel en die boodskap het deurgekom dat, kyk, ons kan nie net hierdie mense ignoreer nie.<br>Die demonstrasies by die Wêreldhandelsentrum en ook die Bophuthtatswana-operasie is almal voorvleoisels van magsdemonstrasies. By die Wêreldhandelsentrum bietjie verkeerd geloop met die AWB wat buite die beplanningsraamwerk opgetree het, maar dit was uiteindelik baie doeltreffend gewees. Dit het nie vir ons 'n goeie naam gege nie, maar die ANC het skielik besef dat hulle het geen vermoë hoegenaamd om die Afrikaner teen te staan nie en dit het toe gelei daartoe dat daar 'n geheime vergadering met Mandela |

gehou is waar ons onderneem het om te onderhandel . Om te kyk of daar nie ʼn uitweg was om te onderhandel nie.

En die onderhandelingsproses het toe begin. Die probleem wat ons hier gehad het moet ek duidelik stel dat beide wat Cosag betref sowel as die Afrikaner Volksfront betref was daar nie eensgesindheid oor die presiese doelwit wat ons wou bereik en wat haalbaar was nie.

Cosag was baie sterk ondersteuners van wat Buthelezi genoem het die bottoms-up approach. M.a.w. die mag moet op streeksbasis op grondvlak gesetel wees en jy delegeer opwaarts wat jy daar wil hê. So dan sou jy op provinsiale vlak sou jy mag aan die provinsies toeken en op nasionale vlak aan die sentrale regering sou jy dan sê goed, buitelandse sake is julle verantwoordelikheid, verdediging van die land is julle verantwoordelikheid en so aan.

Maar ander magte soos polisiëring, onderwys, kultuursake en so aan sou op grondvlak hanteer word. Daar sou dan ook gekyk word na die konstitusionele model waar die groot bekommernis van Bophuthatswana en van die Zoeloes kan ek nou vir jou sê was nie dat hulle nie volkome onafhanklikheid wou gehad het nie, maar hulle wou deel aan die sentrale skatkis van die rykste provinsie naamlik Gauteng. Dis waar die ekonomiese mag gelê het.

En hierdie state wou graag nog afhanklik wees van daardie ekonomiese mag. Dit was nie ʼn bekommernis by die Volksfront nie. Ons sou ons eie ekonomiese vermoë geskep het. By die Volksfront was die probleem gewees primêr waar is hierdie volkstaat wat ons wil skep. En tweedens hoe gaan die grondwet lyk.

Hier was nog raamwerk gewees vir baie onderhandelinge. En dit is hier waar daar ʼn mate van twis binne die Volksfront ontstaan het. Ook wat Cosag betref was die teenwoordigheid van die AWB was vir hulle ʼn bietjie van ʼn delikate ding. Byvoorbeeld ek en advokaat Chris de Jager het ʼn voorlegging gemaak, opdrag gekry om aan Cosag ʼn voorlegging te maak oopr die groindwetlike model en hoe ons die verkiesing moet benader en ons het eintlik gevoel dat Cosag op nasionale vlak moes almal vir Cosag stem, maar op provinsiale vlak sou ons vir die bepaalde organisasies stem. Byvoorbeeld in kwaZulu/Natal sou ons almal vir Inkatha stem en die westelike deel van die land sou ons vir Bophuthatswana stem en dan in gebiede soos Noord-Transvaal, die Vrystaat en so aan sou hulle vir die Volksfront stem, op provinsiale vlak, maar op nasionale vlak vir Cosag.

Maar daar was net nie tyd gewees nie om die ding deur te voer nie. Ek wil vir jou sê as ons tyd gehad het om dit te doen dan dink ek die hele situasie in Suid-Afrika sou baie anders gelyk het as wat hy tans lyk en as wat werklikheid gebeur het.

| | |
|---|---|
| | Die probleem wat ons toe ook gehad het is dat die AWB het begin om inmin te veroorsaak binne die party, die politici en die KP het gevoel die generaals word te sterk en hulle kry te veel mag en dit is nie wat ons wou gehad het nie, ons was daar om oplossings aan te bied.<br>Maar die feit bly staan dat die splinterparty toe Moolman Mentz, Beyers en adv. Rossier de Ville en Chris de Jager, hulle het natuurlik weggebreek en ʼn ander party gevorm en hulle het baie mooi saamgewerrk.<br>Ons het nooit probleme met hulle gehad nie . Maar om grense vir die volkstaat af te baken, om ʼn grondwet neer te lê het nog baie, baue onderhandeling nodig gehad. En soos ons nou nader gekom het aan die verkiesing het ons dit baie duidelik gestel aan die ANC en ook aan die regering, daar is geen manier dat ons sou toelaat dat daar ʼn verkiesing plaasvind as ons nie ʼn basis het vir onderhandelings het vir selfbeskikking.<br>En ons het die hele onderhandeling vir selfbeskikking gesien as ʼn proses wat oor ʼn aantal jare moes verloop. Dit ko n nie skielik gebeur nie. Daar was geen basis gewees waarop dit kon gebeur nie.<br>En dis hier waar die ANC uiteindelik in die onderhandelingskomitee wat Mandela aangestel het, wat bestaan het uit Mbeki en Zuma, en hulle het mense ingetrek soos wat hulle dit nodig gehad het en aan ons kant was gen. Viljoen en ek, maar daar was ouens soos Dries Bruwer en ander mense ingetrek soos wat hulle benodig was.<br>Ander permanente lid was die lid van die KP. Toe kom hulle met ʼn voorstel en sê kyky ons sit met ʼn probleem. As ons ooreenkoms het die Afrikaner Volksfront maak gaan die NP dit aanvaar? Gaan die AWB dit aanvaar?<br>M.a.w. wat is julle magsbasis, wie steun julle almal? Wie verteenwoordig julle?<br>Toe sê ons daar is net een manier om dit te bepaal en dit is om ʼn referendum te hou. Toe stem die ANC saam dat ons ʼn referendum hou op die basis van die ou kieserslys en dat ons nou moet bepaal op die kieserslys watter persentasie is Afrikaners.<br>Ons het toe so ʼn berekening gemaak dat ons in so ʼn referendum basies in die omgewing van 400 000 stemme bereik dan beteken dit dat die meerderheid van Afrikaners is ten gunste van selfbeskikking.<br>En waar die gebiede dan moet wees sou eintlik bepaal het uit die steme by die verskillende stembusse en toe het ons ooreengekom dat on s in Februarie so ʼn referendum, moes hou.<br>Tweedens sou ons dan aan die nasionale party en ook aan die ANC ʼn konsepgrondwet moes voorlê en as ons nie ʼn volledige grondwet gehad het nie, sou daar dan ooreengekom word dat ons met die verkiesing ʼn derde parlement, ʼn volksraad |

| | |
|---|---|
| | saamgestel word, wat dan op die basis van die aanvaarde grondwet kon voortgaan met onderhandelinge vir selfbeskikking.<br>Nou kyk, De Wet, meer kon ons nie vra as dit nie. Ek dink dit was 'n ontsettende groot oorwinning vir gen. Viljoen en ook op die basis dat die ANC besef daar gaan nie 'n verkiesing wees as hulle nie een of ander ooreenkoms met ons maak.<br>Daar het toe 'n saamtrek by die Pretoriase skougronde in die Skilpadsaal plaasgevind en dit was 'n baie belangrike byeenkoms gewees.<br>Ek wil net baie vinnig vir jou sê die uiteinde van die saak is dat De Klerk het geweier om hierdie referendum te hou en hy het ook geweier om enige ander grondwetlike beginsels. Die probleem was nie die ANC nie. Die probleem was De Klerk en die nasionale party.<br>En die gevolg was ons moes een of ander ooreenkoms kry om te verhoed dat hier 'n bloedbad kom. En dit was toe die akkoord wat voor die 26ste April onderteken is. Daardie akkoord wat nog daar staan waar die ANC ondernemings gegee het en ons ondernemings gegee het en dit kan jy navors as jy wil. Dit bestaan en dit is beskikbaar.<br>Die probleem was gewees as ons moes oorgaan tot geweld het ons die vermo ë gehad om dit te doen. |